

**Fil.4:4-7**  
**4de Advent 20 Des.2015**

**Wees altyd bly in die Here! Ek herhaal: Wees bly! Wees inskiklik teenoor alle mense. Die Here is naby. Moet oor niks besorg wees nie, maar maak in alles julle begeertes deur gebed en smeking en met danksegging aan God bekend. En die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan, sal oor julle harte en gedagtes die wag hou in Christus Jesus.**

Direkte vertaling

<sup>4</sup> Verbly julle altyd in die Here! Ek sê weer: Verbly julle! <sup>5</sup> Laat julle welwillendheid aan alle mense bekend word. Die Here is naby. <sup>6</sup> Moet oor niks besorg wees nie, maar maak in alles julle versoeke aan God bekend deur te bid, te smek en Hom te dank. <sup>7</sup> En die vrede van God wat alle begrip oortref, sal in Christus Jesus oor julle harte en gedagtes waak.

Liewe gemeente,  
Die vrede bewaar julle ... “hoe nou?” mag iemand vra: “ek dog, ek moet vrede maak en die

vrede bewaar!” Wel, dan het jy vandag na die regte plek gekom. Vandag leer ons: Daar is ’n vrede wat vir jou bewaar en instand hou. Maar om dit te begryp, sal dit nodig wees dat jy die openheid het om inderdaad iets nuuts te leer. Hier praat Paulus van iets wat veel grootter is as hyself; hy’s maar net ’n objek, ’n ontvanger van die vrede. En jy behoort te weet, wie is die subjek, die agent, die Gewer wat die vrede gee.

Let op die eerste Kersnag wat die engele sing toe die herders op die ope velde die hemelse ligwesens sien: *Eer aan God in die hoogste hemele en vrede op aarde, in die mense ’n welbehae!* (Luk 2:14) **Waarom sou daar vrede wees** - soos die engele van sing? Beslis nie omrede mense nou onderlings nie meer baklei nie; nie omdat keiser Augustus sou besluit om sy soldate uit Palestina te onttrek en ’n nuwe vredesberaad byeen sou roep nie. [Vandag sou ons wens die VN sou dit regkry dat alle oorloë op die planeet stopgesit word; ons weet mos, die groot moonthede in die wêreld wil mos baklei, soek die oorlog, bevorder angs, benodig ekonomiese stimulasie. Maar gestel die geval, die moonthede sou besluit hulle plaas inderdaad alle konflik op halt - sou dit *vrede* wees?]

**Vrede sál daar wees omrede God self ingryp**, omdat in Jesus is daar EMANUEL = God is met ons! Vrede is dit nou omdat die Skepper nou ook as Verlosser sal optree, en iets sal doen wat mense nie kán maak nie. Vrede word dit omrede God by Homself gesê het: Ek maak weer reg wat die diabolos (= deurmekaar-maker) deurmekaar gemaak het. Ek sal met die sonde en skuld las omgaan waarmee die hele skepping belas is. Ek sal in My eie skepping ingaan en een van hulle word; Ek, God, sal mens word, een van hulle. Ek sal die mensdom weer na Myself toe terugbring. Ek sal hulle met My versoen.

Sien, die woord *vrede* is vir ons Christene gelykstaande aan *Christus*. Vrede beteken: eenklank - ons hoor weer harmonie (nie disharmonie tussen God en mens nie). Vrede beteken orde - dit is alles weer in dié orde soos God dit van die begin af bedoel het (nie wanorde soos met die eerste sondeval gebeur het nie). Vrede beteken dat dit wat bymekaar hoort, weer by mekaar uitgebring word. God en mens hoort bymekaar - en sedert Kersfees en Golgota is hulle weer bymekaar. Sedert Betlehem en Paasfees kan ook mense bymekaar uitkom wat andersins streng deur die mode geskei word. Sedert die engele op die veld en Pinkster is daar nou vrede op aarde, in die mense in wie God sy welbehae vind.

Ons sal dadelik begryp dat ’n sinonieme woord vir *vrede*, is die woord *liefde*. Die liefde wil mos die eenheid, wil harmonie, kan homself opoffer ter wille van die lewe. Paulus bring hier egter nog ’n ander term in waaroor ons nou-nou meer sal gesels, en dit is die woord *vreugde*.

Miskien het dit julle gereelde kerkgangers al opgeval dat omtrend elke preek met hierdie vers eindig: *mag die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan, julle harte en sinne bewaar in Christus Jesus, onse Here.*

Verstaan ons nou dat hierdie seënwenis 'n apél rig aan God om tog die vrede te gee wat ons self nie kan maak nie. God gee dit! En jy-en-ek smag na hierdie harmonie, hierdie regte verhouding met die Here, hierdie rus en kamlte.

Voordat ons aangaan, net dalk 'n gedagte wat *vrede* nie beteken nie. *Vrede* beteken hier nie: innerlike rustigheid deur meditasie en verinnerliking nie (- alhoewel sulke oefeninge goed vir die liggaam is en dit ook met die woord “vrede” omskryf word).

Hierdie vrede beteken ook nie dat ons nooit sou rusie hê nie of nooit meningsverskille sou hê nie. Nee, ons bedoel nie: - alles is nou eens en gelyk nie. God en mens is twee verskillende entiteite, maar *in vrede* bestaan hulle in die regte verhouding. Man en vrou is twee verskillende wesens, maar in vrede vul hulle mekaar aan soos God dit van die begin af bedoel het dat hulle saam die ewebeeld van God weerspieël. Die onderskeie kulture in die wêreld verskil heelwat van mekaar, en tog is hulle almal saam in Christus die één uitverkore volk van God. Ja selfs die mens en die natuur (plante, diere, planete) - wat almal volgens hulle soort geskep is, bestaan *in die vrede van God* in 'n gebalanseerde, universiële sisteem.

Ons sou graag wou weet: waarom gaan dinge dan deurmekaar? Waarom is daar nie-vrede nie? Verskoon as ek nie lank nou op hierdie punt stilstaan nie. Algemeen leer die Bybel vir ons: Dis die *sonde* in die mens en in die natuur wat maak dat nou die andersheid van elkeen in vyandskap ontaard en dat ons in kompetisie met mekaar staan en (soos die evolusie-teorie dit formuleer) die wet blykbaar geld: slegs die sterkste sal oorwin. God wil in Christus met hierdie sonde klaarspeel - daarom Kersfees!

En *die vrede wat God bring* vind sy eerste vastrapplek - in julle harte en gedagtes! sê Paulus. Ons mag dalk hierdie kersfees sonder geskenke gaan - dis ok. Ons mag dalk sonder 'n bonus-salaris oorleef; ons weet ons sal aan die einde van ons aardse lewe ook niks kan saamneem nie. Maar ek en jy wil nie hierdie vrede mis nie wat méér is as wat ons ooit ten volle sal begryp. Dis God se geskenk vir die mensdom, ja vir die hele skepping. Dis die vrede wat ons nodig het vir tyd en ewigheid. Dis die versoening in Christus wat ons sal deurdra deur die tyd na die ewige rus en harmonie met God en alle hemelse leërskaare.

Die groot verrassing van Kersfees is dan juis: **God bring daardie vrede hier-en-nou in ons tyd en ruimte na jou en my.** Nie eers wanneer ons ten sterwe kom en in die hemelse sferes opgeneem word nie, nee, nou al wanneer iemand met daardie kind in die krip en die man aan die kruis verbind word - dan is daar vrede. Wanneer iemand glo en gedoop word, dan is daar verlossing, vrede, harmonie. Wanneer die Woord van God gehoor word en nuwe lewe skep - dan is daar gehoorsaamheid, dan verander ons perspektief, ons houding en verhoudings, ons waardes en toekomsverwagting.

Nou kan ons oorgaan na die eintlike tema van Paulus se brief aan die Filipense: **vreugde!** 14 keer gebruik Paulus die woordjie vreugde of bly wees. Ja, die hele brief is, soos een titel van 'n boek dit noem: “op vreugde geprogrammeer”. In rekenaarstaal uitgedruk: Dit is die program wat deur Paulus gebruik word. Sy naam is nie *Windows 10* nie, maar “Vreugde vir

die lewe”. Ek ken nou rekenars nie so goed nie; julle wat rekenars gebruik, weet dat *Windows* is die rekenaar-taal, sy paradigma, sy denkpatroon. Ek kan op my rekenaar sekere programme op laai wat almal van *Windows* se vaardighede gebruik maak. Byvoorbeeld kan ’n speletjie op laai, of ’n program om ingewikkelde berekenings te doen, of ’n woordverwerker. Alle programme maak van *Windows* se moontlikhede gebruik.

Om die vergelyking oor te dra ... daar’s ’n basiese lewensprogram in elkeen se lewe aan die werk. Sonder Christus is dit die sonde-program = ek leef vir myself, ek besluit self wat is reg en verkeerd, ek doen waarvoor ek ook al lus voel, ek luister na my innige stem, ens. Maar: *Is iemand in Christus, dan is hy ’n nuwe skepsel* (2 Kor 5:17) sê die Bybel - beteken soveel as: daar’s nou ’n nuwe lewensstelsel vir ons gegee.

En ons kan nou op ons rekenaar verskillende programme wat ons “installeer”. Ons kan speletjies speel en stokpertjies op ons lewens “aflaai”; ons kan verskillende beroepe aanleer en uitoeven; ons het liefdesprogramme en trou en het kinders en kleinkinders; ons het ’n woordeskat en ’n woordverwerker (verskillende tale en kulture) - maar almal hardloop met dieselfde basiese program, en dit is Christus (the *Windows* of a new creation).

Raai wat is die eienskap wat elkens onder alle lewensomstandighede weer na vore sal kom? Dit is vreugde! Daar’s ’n klomp ander eienskappe wat ook telkens duidelik word: ons noem hulle die vrug van die Gees (vriendelikheid, verdraagsaamheid, dissipliene, ens). Vandag egter is *vreugde* ons tema. Is daar nou vrede tussen God en die mens, dan is daar harmonie, dan is daar gehoorsaamheid, dan die verhoudinge weer in harmonie - en dan is daar vreugde!

Let op, Paulus praat nie net van *vreugde* as sulks nie. Alle mense beleef een-of-ander blydskap. Ons lees: *Wees altyd bly in die Here!* Ek herhaal: *Wees bly! Die Here is naby*. Om “in die Here” te wees, is ’n toestand, ’n posisie vanwaar ek my situasie beoordeel. Paulus self skryf uit die gevangenis - nie juis ’n benydenswaardige posisie nie, is dit? Onreg is aan Paulus gedoen, hy’s verraai, valslik beskuldig, halfpad reeds veroordeel en sal binnekort voor die keiser moet verskyn wat dan die finale oordeel sal uitspreek. Hoeveel Christene vandag bevind hul’self in onbenydenswaardige posisies - desnieteenstaande is daar ’n vreugde moontlik wat nie gekoppel is aan ... bv ’n hospitaalbed, aan ’n egskeiding, aan onregmatige afdanking van die werk, aan geweld of enige ander depressiewe situasie nie. Daarom, weereens, mag die *vrede* waarvan Paulus praat, ook nie afhanklik wees van aardse omstandighede nie.

En let op die imperatiewe: Paulus sê nie: “Ek is bly dat die Here kom” nie. Hy beveel sy kudde: *Wees bly!* Nou, kan ’n mens iemand anders beveel om bly te wees? Nee, Paulus wil nie toneelspel en gedwonge vreugde nie, maar vreugde gevul met volle afgagting. As ek weer met rekenaarstaal mag vergelyk: *Windows* het sekere funksies ingebou maar dit mag wees dat ons nooit daarvan gebruik maak nie. Net so is daar in Christus vir ons ’n sekere vreugde gegee, maar ons maak nooit daarvan gebruik nie. Ons oefen onself dalk in veritterheid, kla en kerm, in voute soek of selfbejammering - dan mis ons die doel waarvoor God ons geskep het. Nee, ons hoef nie na noodwendig na motiverings-sprekers te luister om onself positief te kry nie, ons hoef slegs meer ons Bybel te lees en meer ons Here te praat - dan ons agterkom watter ryk skatte die geloof in Christus lank al vir ons gereed hou.

Kom ons noem een voorbeeld, hoe die vreugde in Christus ons anders maak.

Die meeste van ons is besig met kersfeesvoorbereidings - hetsy dit nou geskenkies inkoop

of reëlings vir familiebyeenkomste tref, of wat ook al - met die oog op 'n menslike fees wat aan die kom is. Ons tref voorbereidings sodat 'n fees sal plaasvind.

Daarteenoor sou Paulus sê: Ons is besig, juis omdat die fees reeds begin het. Jy pak kersgeskenke vir ander mense in omdat jyself reeds geskenke in Christus ontvang het. Ek wil vreugde by ander vermeerder omdat ek reeds vreugde ontvang het.

Inderdaad is Paulus ook op die toekoms gerig. Maar ook wat die uitstaande vreugdefees betref, weet ek-en-jy dat dit feestelik sal wees, omdat Christus reeds gekom het.

Omdat ons reeds met Christus verbind is en die bruidegom op pad is om ons te kom haal - daarom tree ons op 'n sekere manier op en sodat die fees, die uiteindelijke ontmoeting met die lewendige Heer, inderdaad 'n vreugdevolle ontmoeting sal wees.

Sien ons nou hoe hierdie vreugde 'n uitwerking op ons gedagtes en ons gedrag het? Om net aan 'n paar aspekte te raak Paulus aan wat hierdie vreugdevolle afwagting in Christene veroorsaak (die ander aspekte moet julle asseblief self vanaand lees):

i) *Wees inskiklik teenoor alle mense.* Inskiklik of nederig of *onderwerp* julle, omdat die Here kom. Negatief gestel: as ek op my menslike regte (human rights) aanspraak maak, dan moet ek van magsmiddele gebruik maak, dan moet ek myself teenoor ander bewys, dan begin 'n tweestryd - en dan gaan die vreugde verlore. Julle Christene, sou Paulus sê, egter is in Christus geborge; julle status as kinders-van-God is verseker ... julle hoef jul'self nie te bewys as "beter" of "hoër" as ander mense nie; julle kan gerus ook inskiklik wees.

ii) *Moet oor niks besorg wees nie*, want sorg en bekommernisse is gif vir die vreugde. Nou die dag besoek ek 'n dame in die hospital; sy is bekommerd dat a.g.v. haar gesondheidstoestand haar werk mag verloor. Die ekonomie verwag mos net prestasies en gesonde arbeidskrag; watter firma wil nou 'n siek vrou selaris gaan betaal? Toe ons daaraan dink wat alles verkeerd kan gaan, toe verdwyn die vreugde soos mis voor die son. Paulus sê ook nie, dat ons nou nie aan die onmiddellike toekoms mag dink nie, dit sou regtig onrealisties wees, *maar maak in alles julle begeertes deur gebed en smeking en met danksegging aan God bekend.* Deel julle sorg en bekommernisse met Hom wat eintlik in beheer is.

Ek praat toe verder met die dame in die hospital wat angstig is dat sy dalk haar werk mag verloor. So tussen in vra ek die dame wat God oor haar aangeleendheid dink? Watter ander moontlikhede sou die Here dalk vir haar open indien sy wel afgedank sou word? Sy kyk vir my so snaaks - hoe of wat het God nou met die prys van eiers te doen? Hoe sal sy nou weet wat God wil hê? En toe bid ons oor die saak. Weet julle wat toe gebeur? Sy glimlag. Sy hoef niks verder te gesê het nie want ons altwee het geweet dat nou hierdie saak waaroor ons min beheer het, aan die Here oorgelaat is. Die sorg het nie verdwyn nie, maar is opgeneem in die sorg wat die Here oor ons het. Die sorg het sy houvas op haar verloor en ons altwee het geweet dat wat ook al met haar gebeur, die Here met haar gaan - en dit is goed.

Dit is wat Paulus met die bevel bedoel: *Wees bly!* Word herinner aan wat God reeds vir julle gedoen het en wat Hy besig is om te doen en wat Hy nog steeds sal doen, en laat dit toe dat sy Gees julle met vreugde sal vul wat onverklaarbaar sal wees. Ja, meer nog as net toelaat, word ons opgeroep om, soos reeds gesê, ons wils- en gevoelskragte in te span om onself in die vreugde te oefen, om onself reg voor te berei. Ook my wilskragte, my gevoelens is "in die Here". Daarom skryf Paulus: *En die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan, sal oor julle harte en gedagtes die wag hou in Christus Jesus.*

Mag dit die atmosfeer wees waarbinne ons kersfees sal vier. Laat dit toe dat Hý julle gedagtes en gevoelens beheer - moenie die stroomloop van kersfeesuitverkope en spesiale aanbiedinge op die mark gehoorsaamnie, moenie toelaat dat die TV-programme die atmosfeer in die huis skep nie; laat die huis gevul wees met danksegging, met vreugde en lofliedere - en julle sal ervaar: Christusvreugde maak anders omdat Christusvreugde is anders. Amen.

Mag die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan, die waak hou oor julle gedagtes en gevoelens in Christus Jesus, onse Here. Amen.